



A R O S

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

JAARBOEKINLIGTING 2027

1. Baccalaureus Educationis in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding (SAKO-nr. 111014)

Tale

Hierdie fase fokus op die onderrig van leerders van graad 7 tot 12. Dit kan meer spesifiek aangedui word as Senior Fase (graad 7 tot 9) en Verdere Onderwys en Opleiding (graad 10 tot 12). Die onderwyser in hierdie fase moet 'n vakspecialis wees wat leerders vir hul loopbaan voorberei. Daar word op die integrasie van akademiese vakkennis, asook die metodologie vir die oordrag van hierdie kennis gefokus.

Daar is vier spesialiseringrigtings wat Aros aanbied:

- Tale (Afrikaans Huistaal en Engels EAT)
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Rekeningkunde en Besigheidstudie)
- Natuurwetenskappe: Lewenswetenskappe en Wiskunde OF Lewenswetenskappe en Wiskundige Geletterdheid
- Verbruikerswetenskappe - Verbruikerstudie en Besigheidstudie OF Verbruikerstudie en Rekeningkunde

Kwalifikasie-inligting

- Minimumvoorvereiste: Nasionale Senior Sertifikaat met baccalaureusgraadtoelating
- NKR-vlak: 7
- Minimum tydperk: 4 jaar
- Verlengde program: 6 jaar
- [Aros-toelatingspunt](#): 600

Metode van aanbieding

- Die kurrikulum word deur middel van afstandsonderrig aangebied. Die lesings word weekliks op e-Klas (Aros se amptelike aanlyn leerplatform) beskikbaar gestel.
- Addisionele ondersteuning word deur middel van interaktiewe aanlyn sessies gebied. Tydens hierdie sessies kan u vrae aan dosente stel en verdere toeligting ontvang. Die sessies word opgeneem en word later op e-Klas vir besigtiging beskikbaar gestel.
- Dosente en assistente is beskikbaar vir konsultasies via e-pos, aanlyn of op kampus.
- Toetse en eksamens word aanlyn afgelê (Maandag tot Saterdag: tydens die dag of vroegeand). Datums en tye word vroegetydig gekommunikeer.

Studente wat die **Verbruikerstudie**-kurrikulums volg, moet van die volgende praktiese tydperke op die Aros-kampus kennis neem:

- jaar 2: twee dae aaneenlopend
- jaar 3: twee dae aaneenlopend

- jaar 4: twee dae aaneenlopend

Die spesifieke datums sal vroegtydig aan die studente gekommunikeer word.

Studente is self verantwoordelik om verblyf vir die verpligte praktiese tydperke te reël, en die onkoste vir die reis en verblyf is vir die student se eie rekening.

Koste per jaar in 2027

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2027)
- Klasgeld: R42 880.00
- Handboekkkoste (ongeveer): R7 500.00

Beskikbare kurrikulums

O224P Tale Afrikaans huistaal en Engels eerste addisionele taal

Spesifieke voorvereistes

- Afrikaans Huistaal 60% / Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%
- Engels Eerste Addisionele Taal 60% / Engels Huistaal 60%

Oop kurrikulums

Jy het die opsie by BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding om 'n algemene rigting te kies. Indien jy die algemene rigting kies, kan jy vanuit een van die volgende kurrikulums kies:

Opsie A: BEd in SF&VOO met EBW in Seniorfase (Gr 7-9) en twee keusevakke vir VOO (Gr 10-12)

Senior Fase (Graad 7-9)

Besigheidstudie vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die Senior Fase (ABES111)

Ekonomie vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die Senior Fase (AEKN121)

Rekeningkunde vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die Senior Fase (AREK211)

Kies een VOO-vak (graad 10 tot 12) wat jy wil aanbied:

**Besigheidstudie
Rekeningkunde**

Kies een ander VOO-vak (graad 10 tot 12) wat jy wil aanbied:

**Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Wiskundige Geletterdheid
Ingenieursgrafika en -Ontwerp**

Opsie B: BEd in SF&VOO met Natuurwetenskappe in Seniorfase (Gr 7-9) en twee

keusevakke vir VOO (Gr 10-12)

Senior Fase (Graad 7-9)

**Statistiek vir die Opvoedkunde (ISTA121)
Fisiese Wetenskappe en Chemie (FICH211)
Algemene Wetenskappe en Geografie (ALWG111)**

Kies een VOO-vak (graad 10 tot 12) wat jy wil aanbied:

Lewenswetenskappe

Kies een ander VOO-vak (graad 10 tot 12) wat jy wil aanbied:

**Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Rekeningkunde
Besigheidstudie
Verbruikerstudie
Ingenieursgrafika en -Ontwerp**

Opsie C: BEd in SF&VOO met Tale in Seniorfase (Gr 7-9) en twee keusevakke vir VOO (Gr 10-12)

Senior Fase (Graad 7-9)

**Taalvlakonderrig: Afrikaans (TVOA111)
Taalvlakonderrig: Engels (TVOE121)
Tegnologie in Taalonderrig (TITO211)**

Kies een VOO-vak (graad 10 tot 12) wat jy wil aanbied:

**Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal**

Kies een ander VOO-vak (graad 10 tot 12) wat jy wil aanbied:

**Rekeningkunde
Besigheidstudie
Verbruikerstudie
Wiskunde
Wiskundige Geletterdheid
Ingenieursgrafika en -Ontwerp**

Vereistes vir studente met 'n Senior Sertifikaat (voor 2008)

- **Universiteitstoelating**
- **Indien die student nie universiteitstoelating ontvang het nie, is 'n taal op HG 'n vereiste en nie minder as vier E's op HG of SG (nie LG nie) nie. Aros doen aansoek vir die student by USAf vir voorwaardelike toelating tot graadstudie.**

Studente wat die Wiskunde en Lewenswetenskappe-kurrikulum (O227P) wil volg, moet vir Wiskunde SG 'n E-simbool behaal het.

Studente wat die Verbruikerstudie-kurrikulums (O228P en O229P) wil volg, moet vir Huishoudkunde SG 'n E-simbool behaal het.

Onderwyspraktyk

Onderwyspraktyk is die praktiese gedeelte van die kwalifikasie waartydens studente gedurende 'n vasgestelde periode praktiese onderwys in hoërskole in die Republiek van Suid-Afrika verrig. Die student word deur Aros-personeel by die hoërskool gemonitor en geassesseer soos wat die infrastruktuur van die betrokke departement dit toelaat. Aros het 'n lys van goedgekeurde hoërskole wat aan die vereistes vir praktiese onderwys, volgens die riglyne van die regulatoriese liggame, voldoen. Studente mag hoërskole voorstel wat nie op die lys is nie. Aros sal dan bepaal of die hoërskole aan die riglyne van die regulatoriese liggame voldoen. Studente word in samewerking met Aros vir die periode van praktiese onderwys by 'n hoërskool geplaas. Let wel: Die student moet praktiese onderwys by 'n hoërskool doen en nie by 'n laerskool nie.

Volgens die vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding word daar aanbeveel dat studente tydens hul opleiding van vier jaar vir bepaalde tye praktiese ondervinding by 'n verskeidenheid hoërskole opdoen. Aros plaas die studente vir die praktieseonderwysperiode by 'n hoërskool. Dit geld vir gevalle waar die student nie reeds by 'n skool betrokke is nie.

- Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal deur 'n tydperk van drie aaneenlopende weke te voltooi.**
- Tweedejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk in die tweede en derde skoolkwartaal.**
- Derdejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk in die tweede en derde skoolkwartaal.**
- Vierdejaarstudente wat PRAK433 moet neem, moet amptelik geregistreer wees alvorens hulle met PRAK433 met die aanvang van die eerste skoolkwartaal kan begin. Vir hierdie rede vind die amptelike registrasie van vierdejaars normaalweg plaas in die week voor die eerste skoolkwartaal in aanvang neem.**

Die volgende sertifikate is 'n vereiste vir die suksesvolle verwerwing van die volgende praktiese modules: PRAK233, PRAK333 en PRAK433. Studente sal bewys moet lewer dat hierdie sertifikate behaal is alvorens die module geslaag kan word.

PRAK123

Geen

PRAK233

'n Afrigtingsertifikaat (van 'n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in 'n skoolsport

PRAK333

'n Keuse van EEN van die volgende:

- 'n tweede afrigtingsertifikaat (van 'n amptelike liggaam op provinsiale vlak) in 'n skoolsport; en**
- 'n kulturele aktiwiteit (koor- of sangafrigting, drama of ander relevante opleiding in die aanbieding van kulturele skoolaktiwiteite); en**
- erkende opleiding in berading of hulpverlening (moet deur 'n geregistreerde opleidingsinstansie aangebied word, deur Aros goedgekeur word en as ten**

minste ses PD-punte geregistreer wees), byvoorbeeld:

- traumaberading vir kinders (word deur verskeie instansies aangebied)
- HI-/Vigs-berading (word deur Unisa aangebied)
- verliesberading (word deur verskeie instansies aangebied)

PRAK433

Noodhulpertifikaat (vlak 1)

Kwalifikasie met onderskeiding

'n Student wat 'n gemiddeld van 75% oor al die kern- en elektiewe modules van akademiese jaar 2, 3 en 4 behaal het, verwerf die kwalifikasie met onderskeiding.

'n Student wat vanaf 'n ander tersiêre instelling na Aros oorgeskakel het, moet ten minste 50% van hierdie kurrikulum geslaag het, insluitende WBSL112, OTOB122, OTOB212, NTOB222 en NTOB312. Om die kwalifikasie met onderskeiding (cum laude) te behaal, moes die student 'n gemiddeld van 75% oor al die kern- en elektiewe modules van jaarvlak 2, 3 en 4 behaal het.

Vereistes vir Engels as taal van onderrig en leer

Die taalendossement word binne die ENNT311-module geëvalueer. Die evaluasie bestaan uit 'n geskrewe toets wat 'n begripstoets, grammatika en kreatiewe skryfwerk insluit. Hiermee saam word 'n mondelinge onderhoud met die student gevoer om taalvaardigheid te bevestig. Die vereiste vir Engels as taal van onderrig en leer is dat die twee komponente se punte saam 70% of meer moet wees.

Programuitkomst

Ná die voltooiing van hierdie program is dit Aros se verwagting dat 'n gegradueerde oor die volgende eienskappe en vaardighede sal beskik:

- pas behoorlike leierskap en innoverende praktyke in die konteks van hul roeping en die gemeenskap toe;
- toon die vereiste kennis ten einde kinders met die toepaslike waardes, vaardighede en kennis toe te rus wat vir hul ontwikkelingsvlak geskik is;
- toon bevoegdheid in die onderrig van Senior Fase- en Verdere Onderwys en Opleiding-leerders;
- beeld grondige en gespesialiseerde opvoedkundige en teoretiese vakkennis en vaardighede betroubaar en samehangend uit (aanbied en weergee) deur die gebruik van akademiese en professionele konvensies wat gepas vir die kwalifikasie is;
- toon die vermoë om kennis doeltreffend in die klaskamer/skool/gemeenskap toe te pas;
- pas basiese opvoedkundige navorsingsbeginsels toe en beoefen lewenslange leer;
- toon die vermoë om verskillende inligtingsbronne te evalueer, inligting te kies wat geskik is vir take en goed ontwikkelde analise- en sinteseprosesse toe te pas;
- toon die vermoë om prestasie aan die hand van bepaalde kriteria te evalueer;
- toon die vermoë om doeltreffend in 'n span te werk; en
- toon kennis van Christelike waardes.

Kurrikulums

O224P Tale Afrikaans huistaal en Engels eerste addisionele taal

	Module	Kr	NKR	Module	Kr	NKR	Module	Kr	NKR	Module	Kr	NKR
	Kwartaal 1			Kwartaal 2			Kwartaal 3			Kwartaal 4		
Jaar 1												
Fundamenteel	AKAG136	6	5	AKAG136	6	5						
	EGKI111	6	5									
Kern	OWRR113	12	5	DIDA113	12	5	ONBS123	12	5	OPVS123	12	6
	WBSL112	6	5							OTOB122	6	6
Elektief	AFHA111	6	5	ENAA111	6	5	AFHA121	6	6	PRAK123	1	6
	PRAK123	1	6	PRAK123	1	6	ENAA121	6	6	TVOE121	6	5
				TVOA111	6	5	PRAK123	7	6			
		37			31			31			25	
Jaar 2												
Fundamenteel							SEPE223	3	5	SEPE223	3	5
Kern	OPVS213	12	6	ASSE213	12	6	NTOB222	6	6	OPVS223	12	6
				OTOB212	6	6						
Elektief	AFHA221	8	6	PRAK233	11	6	ENNT221	6	6	AFHA211	8	6
	AFKM221	6	6				PRAK233	11	6	ENAA221	8	6
	ENAA211	8	6				TITO211	6	5	PRAK233	1	6
	ENAM221	6	5									
	PRAK233	1	6									
		41			29			32			32	
Jaar 3												
Kern				NTOB312	6	6	KURS323	12	6	ENNT311	10	6
							LOND322	12	6	ONSA322	6	6
Elektief	AFKM321	6	6	AFHA311	10	6	AFHA321	10	7	ENAA321	10	7
	ENAM321	6	6	ENAA311	10	6	PRAK333	11	6	PRAK333	1	6
	PRAK333	1	6	PRAK333	11	6						
		13			37			45			27	
Jaar 4												
Kern	FILO413	12	7	INAV411	6	7				FILO421	12	7
	INAV411	6	7									
Elektief	PRAK433	11	7	AFHA411	10	7	AFKM421	6	7	AFHA421	10	7
				ENAA411	10	7	ENAM421	6	7	ENAA421	10	7
				PRAK433	12	7	PRAK433	12	7	PRAK433	1	7
		29			38			24			33	
Kurrikulumtotaal		504										

O224P Tale Afrikaans huistaal en Engels eerste addisionele taal (Voorbeeld van verlengde kurrikulum)

	Module	Kr	NKR	Module	Kr	NKR	Module	Kr	NKR	Module	Kr	NKR
	Kwartaal 1			Kwartaal 2			Kwartaal 3			Kwartaal 4		
Jaar 1												
Fundamenteel	AKAG136	6	5	AKAG136	6	5						
	EGKI111	6	5									
Kern	OWRR113	12	5				ONBS123	12	5	OPVS123	12	6
										OTOB122	6	6
Elektief	AFHA111	6	5	PRAK123	1	6	AFHA121	6	6	PRAK123	1	6
	PRAK123	1	6	TVOA111	6	5	PRAK123	7	6			
		31			13			25			19	
Jaar 2												
Fundamenteel							SEPE223	3	5	SEPE223	3	5
Kern	WBSL112	6	5	ASSE213	12	6						
				DIDA113	12	5						
				OTOB212	6	6						
Elektief	AFHA221	8	6	ENAA111	6	5	ENAA121	6	6	AFHA211	8	6
										TVOE121	6	5
		14			36			9			17	
Jaar 3												
Kern	OPVS213	12	6				NTOB222	6	6	OPVS223	12	6
Elektief	AFKM221	6	6	PRAK233	11	6	ENNT221	6	6	ENAA221	8	6
	ENAA211	8	6				PRAK233	11	6	PRAK233	1	6
	ENAM221	6	5				TITO211	6	5			
	PRAK233	1	6									
		33			11			29			21	
Jaar 4												
Kern				NTOB312	6	6	KURS323	12	6	ENNT311	10	6
										ONSA322	6	6
Elektief	AFKM321	6	6	AFHA311	10	6	AFHA321	10	7			
				ENAA311	10	6						
		6			26			22			16	
Jaar 5												
Kern	FILO413	12	7				LOND322	12	6			
Elektief	ENAM321	6	6	AFHA411	10	7	AFKM421	6	7	AFHA421	10	7
	PRAK333	1	6	PRAK333	11	6	PRAK333	11	6	ENAA321	10	7
										PRAK333	1	6
		19			21			29			21	
Jaar 6												
Kern	INAV411	6	7	INAV411	6	7				FILO421	12	7
Elektief	PRAK433	11	7	ENAA411	10	7	ENAM421	6	7	ENAA421	10	7
				PRAK433	12	7	PRAK433	12	7	PRAK433	1	7
		17			28			18			23	
Kurrikulumtotaal		504										

Modules en voorvereistes

Kode	Module	NKR	Kr	Vereiste 40%	Geslaag	Registreer of geslaag
AFHA111	Afrikaans Huistaal 1A	5	6			
AFHA121	Afrikaans Huistaal 1B	6	6			
AFHA211	Afrikaans Huistaal 2B	6	8			
AFHA221	Afrikaans Huistaal 2A	6	8			
AFHA311	Afrikaans Huistaal 3A	6	10			
AFHA321	Afrikaans Huistaal 3B	7	10			
AFHA411	Afrikaans Huistaal 4A	7	10			
AFHA421	Afrikaans Huistaal 4B	7	10			
AFKM221	Afrikaans Huistaalmetodologie 2	6	6			
AFKM321	Afrikaans Huistaalmetodologie 3	6	6			
AFKM421	Afrikaans Huistaalmetodologie 4	7	6			
AFRL112	Afrikaans Lees	5	2			
AKAG134	Akademiese Geletterdheid	5	10			
AKAG136	Akademiese geletterdheid	5	12			
ASSE213	Assessering	6	12			
DIDA113	Didaktiek	5	12			
EGKI111	Etiese Gebruik van Kunsmatige Intelligensie	5	6			
ENAA111	English First Additional Language 1A	5	6			
ENAA121	English First Additional Language 1B	6	6			
ENAA211	English First Additional Language 2A	6	8			
ENAA221	English First Additional Language 2B	6	8			
ENAA311	English First Additional Language 3A	6	10			
ENAA321	English First Additional Language 3B	7	10			
ENAA411	English First Additional Language 4A	7	10			
ENAA421	English First Additional Language 4B	7	10			
ENAM221	English First Additional Language Methodology 2	5	6			
ENAM321	English First Additional Language Methodology 3	6	6			
ENAM421	English First Additional Language Methodology 4	7	6			
ENNT221	Teaching in English	6	6			
ENNT311	Teaching in English	6	10			
FILO413	Filosofie van die Opvoedkunde 4A	7	12			
FILO421	Filosofie van die Opvoedkunde 4B	7	12			
INAV411	Inleiding tot Navorsing	7	12			
INRV113	Inleiding tot Rekenaarvaardighede	5	6			
ITEG211	Tegnologie in die Onderwys	5	6			
KURS323	Kurrikulumstudie	6	12			
LOND322	Leerondersteuning	6	12	OPVS223		
NAVP421	Navorsingsprojek	7	12	NAVT411		
NAVT411	Navorsingsteorie	7	12			
NTOB222	Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 2B	6	6			
NTOB312	Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 3	6	6			
ONBS122	Klaskamerbestuur	5	10			
ONBS123	Klaskamerbestuur	5	12			

Kode	Module	NKR	Kr	Vereiste 40%	Geslaag	Registreer of geslaag
ONSA322	Onderwys in Suid-Afrika	6	6			
OPVS122	Opvoedkundige Sielkunde 1	6	10			
OPVS123	Opvoedkundige Sielkunde 1	6	12			
OPVS213	Opvoedkundige Sielkunde 2A	6	12	OPVS123		
OPVS223	Opvoedkundige Sielkunde 2B	6	12	OPVS213		
OPVS411	Opvoedkundige Sielkunde 4	7	12	OPVS122		
OTOB122	Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 1	6	6			
OTOB212	Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 2A	6	6			
OWRR112	Onderwysreg	5	6			
OWRR113	Onderwysreg	5	12			
PRAK123	Onderwyspraktyk 1	6	10			
PRAK233	Onderwyspraktyk 2	6	24		PRAK123 AFHA111 AFHA121 ENAA111 ENAA121	
PRAK333	Onderwyspraktyk 3	6	24		PRAK233 AFHA211 AFHA221 ENAA211 ENAA221	
PRAK433	Onderwyspraktyk 4	7	36		PRAK333 AFHA311 AFHA321 ENAA311 ENAA321	
SEPE223	Sepedi-kommunikasievlak	5	6			
TITO211	Tegnologie in Taalonderrig	5	6			
TVOA111	Taalvlakonderrig: Afrikaans	5	6			
TVOE121	Language Level Teaching: English	5	6			
WBSL112	Wêreldbeskouingsleer	5	6			

Module-uitkomst

AFHA111

Krediete: 6

NKR-vlak: 5

Afrikaans Huistaal 1A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n kennisbasis van die oorsprong van taal beskik en dit kan verduidelik en mites rakende die ontstaan van taal kan ontbloom;
- die konteks van Afrikaans binne die breë linguistiese landskap kan beskryf terwyl verskillende historiese variëteite van Afrikaans bestudeer word; en
- oor kennisgeletterdheid beskik om begrip oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans te toon.

AFHA121

Krediete: 6

NKR-vlak: 6

Afrikaans Huistaal 1B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- omvattende en gespesialiseerde kennis en begrip ten opsigte van die vlakke van taalanalise m.b.t. fonetiek, fonologie en morfologie toon;
- metodes en werksywyses kan toepas op grond waarvan hulle hul kennis van die teoretiese komponente van fonetiek, fonologie en morfologie kan toepas en illustreer; en
- oor 'n kennisbasis beskik ten einde toepassingsvaardighede van hierdie kennis te evalueer aan die hand van kennis wat reeds hieroor opgedoen is.

AFHA211

Krediete: 8

NKR-vlak: 6

Afrikaans Huistaal 2B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- omvattende en gespesialiseerde kennis en begrip toon ten opsigte van die vlakke van sintaksis en grammatika;
- metodes en werksywyses kan gebruik om die kennis van die teoretiese komponente van sintaksis en grammatika toe te pas en te illustreer; en
- oor kennisgeletterdheid beskik om die vlakke van taalanalise met mekaar te vergelyk en te kontrasteer om die wisselwerking tussen hierdie vlakke aan te toon.

Afrikaans Huistaal 2A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n kennisbasis kan demonstreer op grond waarvan 'n omvattende en gedetailleerde bespreking oor die eie aard van die Afrikaanse letterkunde onderneem kan word, met spesifieke verwysing na drama en film;
- oor kennis beskik van etiese en professionele praktyk op grond waarvan hulle in staat is om gepaste voorgeskrewe drama en films vir die klaskamersituasie te herken en teen die agtergrond van 'n diverse onderwyskonteks te beoordeel; en
- toegang hê tot Afrikaanse dramas en films, inligting ten opsigte hiervan kan bestuur en 'n drama en film aan die hand van die narratiewe eienskappe van die drama kan analiseer.

Afrikaans Huistaal 3A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor grondige en gespesialiseerde kennis en begrip beskik van die leksikografie as normatiewe aspek van taal;
- oor metode en werkswyse beskik om onderskeie naslaanbronne te gebruik om die taalgebruiker in staat te stel om selfstandig te werk te gaan om taalprobleme op te los;
- oor kennisgeletterdheid beskik op grond waarvan hulle begrip ten opsigte van die semantiese en pragmatiese aspekte van taalgebruik kan demonstreer; en
- oor basiese kennis en beoordelingsvaardighede beskik ten opsigte van etiese en professionele implikasies van korrekte semantiese en pragmatiese aspekte van Afrikaans in die skoolomgewing; en
- oor kennisgeletterdheid in normatiewe taalkunde kan beskik, waardeur hulle verskillende aspekte van die veld kan identifiseer en bespreek, 'n onderskeid tussen verskillende tipes norme in Afrikaans kan tref, en die begrippe "standaardtaal" en "Standaardafrikaans" kan verstaan en verduidelik.

Afrikaans Huistaal 3B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis demonstreer van die Afrikaanse letterkunde se kernareas, met spesifieke verwysing na poësie;
- kennisgeletterdheid beskik oor die eie aard van kinder-, jeug- en volwasse poësie;
- oor 'n kennisbasis van voorgeskrewe gedigte vir die klaskamersituasie beskik, hierdie gedigte kan herken en teen die agtergrond van 'n diverse onderwyskonteks kan beoordeel; en
- kennis dra van etiese en professionele praktyk op grond waarvan Afrikaanse poësie geanaliseer kan word aan die hand van sosiopolitieke omstandighede, konseptuele manifestasies en taalmanifestasies wat in poësie sigbaar is.

Afrikaans Huistaal 4A

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle in staat is om sosiolinguistiese konsepte te omskryf en dit aan die hand van 'n diverse linguistiese landskap te beskryf, veral in terme van die ontwikkelingsgeskiedenis van taalpolitieke aspekte wat 'n impak op die Afrikaanse taallandskap het;
- die konteks van Afrikaanse taalverskeidenheid kan beoordeel en die moderne Afrikaanse variëteite met mekaar aan die hand van fonologiese, morfologiese en sintaktiese veranderlikes kan vergelyk;
- oor 'n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle in staat is om begrip vir hedendaagse taaldiversiteit te toon en oor verskillende taalidentiteite te reflekteer;
- oor kennis beskik van etiese en professionele praktyk op grond waarvan hulle die huidige taalpolitieke posisie van Afrikaans kan analiseer, evaluerend beskryf en met nasionale en internasionale voorbeelde kan vergelyk; en
- probleemoplossingsvaardighede toon op grond waarvan hulle die vermoë demonstreer om krities oor die voortbestaan van Afrikaans, taalbedreigings, taalverskuiwings en taalbehoud te reflekteer.

Afrikaans Huistaal 4B

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle 'n omvattende en gedetailleerde bespreking oor die eie aard van die Afrikaanse letterkunde kan onderneem, met spesifieke verwysing na verskillende prosavorme;
- oor kennis van etiese en professionele praktyk beskik op grond waarvan hulle gepaste voorgeskrewe prosatekste vir die klaskamersituasie kan herken en teen die agtergrond van 'n diverse onderwyskonteks kan beoordeel;
- oor 'n kennisgeletterdheid beskik op grond waarvan hulle oor die tiperende eienskappe van prosa aan die hand van 'n voorgeskrewe teks kan reflekteer;
- metodes en werkswyses kan toepas op grond waarvan hulle die vermoë toon om Afrikaanse letterkunde aan die hand van die bostaande letterkundige genres se tiperende eienskappe te evalueer; en
- die vermoë toon om voorgeskrewe prosatekste aan die hand van toepaslike literatuurteorieë te analiseer.

Afrikaans Huistaalmetodologie 2

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n kennisbasis beskik waaruit begrip rakende die implementering en vereistes van die nasionale skoolkurrikulum getoon kan word, met verwysing na huistaalonderrig;
- oor 'n teoretiese geletterdheid beskik wat as basis gebruik kan word om begrip van die implementering van relevante teorieë te toon, met verwysing na huistaalonderrig;
- die verwerking en bestuur van gepaste onderrigvaardighede kan assesseer en vergelyk in die veld van huistaalonderrig; en
- metodes en benaderings kan gebruik om vaardighede ten toon te stel tydens die samestelling, toepassing en evaluasie van tekstipes ten einde leerders se taalvaardighede geïntegreerd te laat ontwikkel.

Afrikaans Huistaalmetodologie 3

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n kennisgebaseerde geletterdheid beskik wat hulle kan gebruik om onderrig te gee en om die verskillende taalanalisevlakke in die klaskamersituasie te illustreer en te analiseer deur die nasionale onderrigbeleidsdokumente in ag te neem;
- metodes en benaderings kan gebruik wat gebaseer is op hul vermoë om gepaste metodes, tegnieke en prosedures vir gestruktureerde fasilitering en assessering van Afrikaanse linguistiek; en
- oor 'n kennisbasis beskik wat hulle kan gebruik om te verduidelik watter metodes geskik is om spesifieke inligting van verskeie bronne in te win en dit dan in 'n klaskamersituasie toe te pas.

Afrikaans Huistaalmetodologie 4

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die konteks en aard van die Afrikaanse letterkunde in 'n klaskamersituasie suksesvol kan oordra met begrip van die nasionale onderwysbeleidsdokumente;
- oor die vermoë beskik om gepaste metodes, tegnieke en prosedures saam te stel vir gestruktureerde fasilitering en assessering met betrekking tot die Afrikaanse letterkunde; en
- inligting kan verwerk en bestuur ten einde dit as grondslag aan te wend ter verduideliking van die wyses waarop inligting uit verskeie bronne ontsluit kan word om spesifieke inligting daaruit te kry en vir 'n klaskamersituasie aan te wend.

Afrikaans Lees

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n leesspoed kan behaal van minstens 280 woorde per minuut; en
- 'n leesbegrip kan toon van minstens 70%.

Akademiese Geletterdheid

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- opdraginstruksies vir akademiese werkstukke kan ontleed;
- inligting kan prosessee, dit vanuit akademiese bronne kan insamel en korrek daarna verwys;
- aspekte waaruit 'n akademiese skryfstuk bestaan kan herken, benoem en toepas;
- tussen die verskillende tekseenheidsvorme kan onderskei en dit kan toepas; en
- 'n akademiese skryfstyl en taalvaardighede kan toepas.

Akademiese geletterdheid

Na voltooiing van die module sal studente

- opdraginstruksies vir akademiese werkstukke kan ontleed;
- inligting kan prosessee en dit ook vanuit akademiese bronne kan insamel en korrek daarna verwys;
- aspekte waaruit 'n akademiese skryfstuk bestaan kan herken, benoem en toepas;
- tussen die verskillende tekseenheidsvorme kan onderskei en dit kan toepas; en
- akademiese skryfstyl en taalvaardighede kan toepas.

Assessering

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- 'n gestruktureerde proses vir die insameling en interpretasie van inligting kan gebruik ten opsigte van leer op alle vlakke;
- kennis kan demonstreeer van 'n verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente;
- die belangrikheid van assessering as 'n integrale deel van alle beplanning van leer en onderrig kan verstaan;
- wyses van selfassessering, assessering van die leerder en assessering van onderwysprogramme kan bemeester;
- gedetailleerde en diagnostiese rekords van assessering kan hou; en
- besef dat die waardes en norme, soos in die Bybel vervat, rigtinggewend is wanneer assessering gedoen word.

Didaktiek

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kernkonsepte en algemene beginsels kan beskryf van opvoeding en leer binne die Christelike wêreldbeskouing;
- die rolspelers kan beskryf in die onderrigstelsel;
- 'n positiewe leeromgewing kan skep vir die onderrig van leerders binne God se raadsplan;
- geskikte onderrigmetodes kan identifiseer vir 'n verskeidenheid van kontekste;
- geskikte onderrigmedia kan identifiseer vir 'n verskeidenheid van kontekste;
- "assessering" kan beskryf binne die Suid-Afrikaanse kurrikulum; en
- moontlike oplossings kan identifiseer vir kernuitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse onderrigomgewing.

Etiese Gebruik van Kunsmatige Intelligensie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- begrip van basiese rekenaar- en internetfunksies, insluitend MS Office-programme, kan demonstreer;
- die oorsprong, kernkonsepte en geskiedenis van kunsmatige intelligensie kan verduidelik;
- tussen tipes KI (reëlgebaseerde KI, masjienleer, GenKI, KAI) kan onderskei en die basiese gebruik van 'n KI-hulpmiddel kan demonstreer;
- etiese kwessies soos privaatheid, vooroordeel en foutiewe inligting binne KI, gegrond op 'n Christelike raamwerk, kan evalueer;
- die invloed van KI op assesseringspraktyke en akademiese integriteit in hoër onderwys kan verduidelik; en
- 'n kreatiewe produk kan ontwikkel deur verskeie KI-hulpmiddels te gebruik en oor die leerproses kan reflekteer.

English First Additional Language 1A

After completing this module, students should be able to

- demonstrate an informed knowledge of selected core areas and designated fields and show the ability to apply terms, concepts, facts, general principles, rules, established conventions and theories appropriately in all language learning and classroom activities;
- exhibit the mastering of the technique of writing coherent sentences and paragraphs to ensure that they would be capable of teaching practical writing skills;
- be equipped with the necessary skills to communicate more effectively in English; and
- formulate and communicate an appreciation for the existence of languages and the diversity therein through the ultimate Creator, our Almighty God.

English First Additional Language 1B

After completing this module, students should be able to

- demonstrate an informed knowledge of the various literary terms;
- identify literary terms within the text, and then furthermore analyse these as to dissect the meaning of the text effectively; and
- discuss the necessity to analyse text critically and identify the various reasons a teacher needs to analyse text critically successfully.

English First Additional Language 2A

After completing this module, students should be able to

- identify learners' needs at the beginning of the Senior Phase and FET and demonstrate knowledge regarding the development of language skills in the FAL at the commencement of the phase;
- distinguish between a variety of different theories focused on effective teaching of an additional language;
- formulate an opinion regarding teaching as a first additional language and evaluate approaches to teaching English as a FAL; and
- understand the diverse context of the South African classroom and be empathetic to the circumstances of the learners in their classroom.

English First Additional Language 2B

After completing this module, students should be able to

- read a variety of short stories and prose throughout the module;
- evaluate setting, characters, historical background, etc.;
- formulate an opinion regarding the plot, theme, and general message present in the text;
- critically discuss character traits, flaws, weaknesses, and strengths; and
- formulate an opinion about the various characters and justify the opinions about the characters.

English First Additional Language 3A

After completing this module, students should be able to

- read a variety of short stories and prose throughout the module;
- evaluate setting, characters, historical background, etc.;
- formulate an opinion regarding the plot, theme, and general message present in the text;
- critically discuss character traits, flaws, weaknesses, and strengths; and
- formulate an opinion about the various characters and justify this opinion.

English First Additional Language 3B

After completing this module, students should be able to

- apply knowledge literacy, in respect of which they can demonstrate an understanding of knowledge as contested and show the ability to read a variety of short stories and prose throughout the module;
- have a scope of knowledge, in respect of which they can demonstrate integrated knowledge of the setting, characters, historical background, etc.;
- apply method and procedure, in respect of which they can formulate an opinion regarding the plot, theme, and general message present in the text;
- have a scope of knowledge, in respect of which they can critically discuss character traits, flaws, weaknesses and strengths;
- formulate an opinion about the various characters and justify the opinion about the characters; and
- apply method and procedure, in respect of which they can analyse a variety of texts critically.

English First Additional Language 4A

After completing this module, students should be able to

- apply knowledge literacy, in respect of which they can demonstrate an understanding of knowledge as contested and show the ability to read a variety of prescribed poetry throughout the module;
- have a scope of knowledge, in respect of which they can demonstrate integrated knowledge of the setting, characters, historical background, etc.;
- apply method and procedure, in respect of which they can formulate an opinion regarding the theme, figures of speech, and the general message present in the poem;
